NUUSKRUMMELS

25 Februarie 2021



Die mooi in die lewe kom soms onverwags oor jou pad en as jy nie mooi kyk nie, mis jy dit.
Dan mis jy die oomblik en die geleentheid. *Soos die foto* - Hier het ons gerus, lafenis gesoek teen ‘n baie warm son.

Ons het dié pragstuk van nader bewonder en die mooi in ‘n foto probeer vasvang. Uniek, iets besonders op die Hangklip-staproete in Pringlebaai. Maar ‘n mens moet dáár wees om die prag regtig in te neem en die mooi te sien.

Die rots het koelte gegee en was yskoud teen jou vel.
Mens kon rus, weer asem haal en die mooi bewonder.

Dié rots is van alle kante bekyk... en daar is sommer hardop gewonder en gepraat oor die gate in klip.

Geleenthede.

Die wat braaf genoeg was, het teen dié klip probeer opklim, ietwat onderste-bo.

Die fikse stappers het die area verder ondersoek, terwyl die res gerus het.

Die minder fikse mense, wat eintlik te bang was om dié hoogte aan te pak, kon teen die einde van die staproete sê “ons het dit gemaak,” al was dit al sukkelend en huigend teen die berg op. Hulle het ook dié rots bewonder.

Beplanning is noodsaaklik, want enige iets kan gebeur. Ons het die verkeerde afdraai gevat en vir langer as ‘n uur deur die bosse gebeur op soek na ‘n pad en op die ou end om gedraai en terug gestap tot ons by die kruising gekom het waar ons verkeerd afgedraai het. Toe is ons op die regte pad. Twee ure later. Ons water was op. Die son het die aarde warm gebak. Gelukkig het van die stappers ekstra bottels energie-koeldrank saam gebring. Glo my, as jy moeg, verdwaald en dors is, sal net water jou dors les...nie koeldrank nie, nie gegeurde water nie...net skoon water. Dit is al wat werk.

Jy moet ook genoeg eetgoed saam vat vir energie...en ja, jy moet verkieslik iets eet voor jy gaan stap. En onthou ‘n asma pompie, want wanneer die steilte te erg raak en jy te vinnig daarteen probeer uitklim, kan ‘n onbekende benoudheid jou plattrek. Al is jy fiks.

Dié opwindende, twee-uur verdwaal, steil Hangklip-roete, wat ons dors, moeg en warm gelaat het, het my laat besef dat die lewe ook so opgesom kan word. Hier kan ek ‘n les of twee leer.

Ons trek soggens ons “tekkies” aan en begin stap. Die uitdagende situasies in ons lewe of werk of verhoudings is soos ‘n baie steil opdraande, wat jy saggies, rustig en met geduld moet hanteer.

As jy die situasies te vinnig wil afhandel, kan ‘n onbekende benoudheid jou plattrek.

Wanneer jy nader aan God, wanneer jy hunker na God, dan beur jy deur al die mensgemaakte lae en dinge om by Hom te wees en Sy stem te hoor. Soos wanneer dit warm is en jy dors is, sal net water werk. Skoon vars water.

DAGBOEK VIR DIE WEEK

SONDAG 28 FEBRUARIE

- *Nagmaal Sondag - Voor jy ds. Petrie se video boodskap van Sondag 28 Februarie kyk, kry 'n broodjie/beskuitjie, 'n glasie sap/wyn gereed. Die brood/beskuitjie en sap/wyn word op 'n seker punt in die video gebruik. Jy kan as individu of as gesin dit dan saam gebruik.*
- *09:00 – 10:15 - Kinderkerk. Ons nooi al ons laerskool leerders uit! Kom kuier saam.*
- *17:30-19:00 - Lifeline Youth: Lofprysing "PRAISE AND WORSHIP". Vir meer inligting kontak Tijané 0832870954*

MAANDAG 1 Maart

- *Rapha-Vroue. Kontak Kerkkantoor*

DINSDAG 2 Maart

- *Veritas Bybelskool Module 1/2*

WOENSDAG 3 Maart

- *Veritas Bybelskool Module 2/3*
- *08:00 Snr. Manne*
- *09:00 Bidgroep by die kerk. Word deel van die groep wat elke Woensdagoggend bymekaar kom om te bid.*

DONDERDAG 4 Maart

- *Biddag vir vroue – meer inligting sal die week op FB geplaas word.*
- *09:00 Gebedskursus. Skakel in by die gratis Gebedskursus wat Donderdae oggende by die kerk aangebied word.*

VRYDAG 5 Maart

- *05:30 Sakemanne*
- *06:00 Mannebyeenkoms by kerk*

SONDAG 7 Maart

- *Erediens – Aanlyn Videoboodskap*
- *09:00 – 10:15 – Kinderkerk*
- *17:30 – Lifeline Youth*

NUUSBROKKIES

NUUS UIT MOSAMBIEK

André Thiart en sy vrou Anna-Marie, is nou in Suid-Afrika. Hulle sendingstasie in Quionga, is aangeval. Na wat verneem word is huise afgebrand. Die diere, bokke is alles weg. Mense kruip in die bos weg. Die buurman het ook bevestig dat die Thiart-gesin se huis gebrand het. "Die stoor en kombuis staan nog, maar ons weet nie met die ouens wat nou op die grond is, wat die gewoonte het om te stroop, hoeveel van die inhoud oorgebly het nie. Die sonpanele is weg en ook die bokke, maar nie die skape nie. Dus tegnies, wat ons het, is nou in ons bakkie."

***Meer inligting**: Makwe Mission is based in Quionga, Cabo del Gado region, North-East Mozambique. For more than a decade Andre and Anna-Marie Thiart are serving the community through friendship, teaching, and addressing the needs of the community in Quionga, made up from Makwe and Makonde population groups.*

PEN-PEL PROJEK

Huis Jan Swart bedank elkeen wat 'n brief vir die inwoners geskryf het.
"Ons wil net baie dankie sê vir die idee van die briewe aan ons inwoners. Ons het dit op Vrydag 12 Februarie aan die inwoners uitgedeel en het al die briefies en traktaatjies met boodskappies so opreg waardeer. Daar was van die inwoners wat gevra het of hulle 'n briefie kan terugskryf."

EREDIENSTE EN BOODSKAPPE

Eredienste in die kerkgebou sal hervat word sodra 100 of meer mense in die kerkgebou toegelaat mag word. Ons bid dat die president binnekort dié aankondiging sal maak.
Ds. Petrie se Geestelike Video's en geskrewe boodskappe is beskikbaar op die kerk se webblad, Facebook-blad en YouTube.
Die video's word weekliks ook per SMS en WhatsApp gestuur. Klik gerus op die volgende skakel om by die WhatsApp groep aan te sluit: WhatsApp (https://chat.whatsapp.com/ECh01aAJ25pHDdqVFG38Pz)
Kontak die Kerkkantoor as jy graag dié boodskappe wil ontvang.

KINDERKERK

Dankie vir elkeen wat gehelp het om die Kinderkerk se klaskamers te verf en mooi te maak. Julle hulp word opreg waardeer. Dit lyk pragtig!
Die kinderkerk het begin. Ons nooi al ons Laerskool Leerders uit om Sondae saam te kom kuier en meer oor God en die Bybel te leer. Ons kom op 'n Sondag-oggend om 09:00 by die kerk bymekaar en verdaag om 10:15.

JEUG (Hoërskool leerders)

Ons Hoërskool leerders word uitgenooi na Lifeline Youth. Die jeug vergader Sondag om 17:30 by die kerk.
***Sondag 7 Maart 2021** - Praise and Worship deur Lifeline Youth - 17:30-19:00.*
Vir meer inligting kontak Tijané 0832870954

MATRIEK 2020

Baie geluk aan al ons matrieks met julle uitslae! Baie sterkte vir die nuwe lewenspad.

VOORBIDDING WORD GEVRA:

Ds. Petrie vir die boodskap.
Bettie Nicholls vir gesondheid.
Jean Maritz vir gesondheid en beterskap, in hospitaal.
Rose Miller vir gesondheid – berei voor vir operasie
Ons bid vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!

Dankoffers / Kollekte / Tiende / Skenkings

Bankbesonderhede
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank
ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:
Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing: Naam en van.
Waarvoor: bv. dankoffer, voedselfees.

ZAPPER:

Gebruik dié Zapper-selfoontoepassing vir bankkollekte en dankoffer bydraes.
Dié Zapper "APP" kan gratis van jou selfoon se "APP Store" afgelaai word.
Jy sal deur Zapper van elke transaksie verwittig word.

Die Saaier - Die nuutste uitgawe illustreer so mooi hoe Bybelwerk ons gemeenskappe en spesifiek ons skool leerders tydens die moeilike tyd van Covid-19 bereik het. Die impak van die Bybel op 'n persoon se lewe kan nie oorbeklemtoon word nie en dit is waarom ons toegewyd voortgaan met ons visie van 'n Bybel vir elkeen.
Klik gerus op die skakel hieronder om die digitale weergawe van die jongste uitgawe van *Die Saaier* te lees.
http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/f73fe115-97c6-40a5-9a4c-edf2b8b62ad4.pdf

MAART 2021 VERJAARSDAE!
Baie geluk aan elke geliefde wat in Maart verjaar. Ons wens jou 'n geseënde lewensjaar toe! Mag jou pad gevul wees met vreugde, liefde en vrede. Mag jy God se hand styf vashou op jou lewenspad.
Baie geluk ook aan elkeen van ons geliefdes wat in Maart 'n verjaarsdag van 80 jaar of ouer vier!